

Josua 24:1-3a, 14-25

Kies dan vandag wie julle wil dien

(Drie en twintigste Sondag van Koninkrykstyf)

Dr Eddie Orsmond

I

Ons lewe wentel dikwels rondom keerpunte ... keerpunte met ervarings en gebeurtenisse, en wat gevestigde patrone en die aanvaarde gang van sake eensklaps kan onderbreek en ingrypend ontwig. By ingrypende keerpunte en lewensveranderende ervarings gebeur dit dat voorheen bekende werklikhede as't ware vir die menslike waarnemer vervaag en selfs in die niet verdwyn. Lewensveranderende keerpunte laat mens dikwels gedisorienteerd, rigtingloos, omdat jy die verband tussen die voorheen bekende en die nuwe horison eenvoudig nie kan raaksien nie; die skakel in werklikheid verloor het...

Maar, hierdie soort keerpunte in die lewe het dikwels, en selfs meestal, ook positiewe uitkomst:

- Dit verteenwoordig ook momente van beslissing
- Dit daag uit om bestek op te neem
- Dit maak bewus van noodsaaklike prioriteite.
- En dalk ook wanbalanse in jou eie lewe...

Vir gelowige mense is lewensveranderende keerpunte dikwels 'n uitnodiging om oor jou verhouding met God te besin. Dit dwing belangrike vrae na vore, soos: wie is God vir my hier en nou? Keerpunte roep mens op tot eerlike uitklaring oor wat ek persoonlik in God se plek in my lewe ingeskuif het as prioriteit.

Die wêreldwye COVID-19 pandemie van 2020 is inderdaad so 'n keerpunt vir die sogenaamde *global village*. Die ganse wêreld, elkeen van ons, alle instellings, is meteens tot stilstand geruk. Ons bevind ons by 'n keerpunt, by 'n nuwe begin. Die vraag is egter: wat is die beginpunt vir God se kerk, vir volgelingen van Jesus Christus, by hierdie spesifieke historiese keerpunt? Waar en wat kan ons leer vir die pad wat ons van hier af moet stap?

II

Die historiese boek Josua in die Bybel vertel die verhaal van Israel se nuwe begin in Kanaän, die land wat God aan Abraham en sy nageslag beloof het. Ons Skrifgedeelte sluit aan by die verbondsvernuwing na die dood van hul leier, Josua. Dit vorm 'n beginpunt vir Israel se nuwe lewe in die nuwe land.

In sy laaste toesprake praat Josua met hulle oor die lewe in 'n wêreld, te midde van ander volke en hul gode, waar hulle God alleen moet dien. Josua 24 stippel die toekoms pad vir Israel uit deur die volk te herinner aan God wat hulle voorouers uit Egipte, die plek van slawerny, gebring het.

In vers 1 bring Josua die volk by Sigem. Sigem word dikwels in die Bybel met aanbidding in verband gebring. Die outeur het waarskynlik 'n heiligdom in gedagte gehad. Josua praat met alle leiers; politieke, juridiese en godsdienstige, maar nie met hulle alleen nie, hy praat met die hele volk. Hy neem hulle terug in die geskiedenis na Abraham se pa en die belofte van 'n nageslag aan Abraham. Hierdie belofte is nou vervul. Die Here het beide die belofte van 'n land en die belofte van 'n nageslag vervul! Josua verwys na die tyd toe ander gode gedien is; dit dateer terug tot by Abraham.

Vers 15-24 bevat 'n dialoog tussen Josua en die volk oor hulle verbintenis aan die Here. Die gesprek gebeur teen die agtergrond van die vervulde beloftes van God en die uitdagings van die nuwe land waarin hulle woon. Verse 15 en 16 eis twee aksies van Josua, naamlik:

- Onverdeelde toewyding aan Jahwe en
- Vernietiging van alle afgode.

III

Die toepaslike verhouding tot God behels die regte houding/ingesteldheid van eerbied en verwondering, oor God se opspraakwekkende handeling in die geskiedenis, asook opregte diensbaarheid voor God en mense. Geleerdes wys daarop dat mense wat 'n nuwe land binnegetrek het onder die jurisdiksie van die gode, wat in daardie gebied aanbid is, kom. Dit is egter nie in Israel se geval van toepassing nie, want die land is die Here s'n, en Hy is die enigste ware God.

Die eerbied en diens moet aan twee vereistes voldoen: opregtheid en trou. Opregtheid hou verband met integriteit; dit verwoord iets van harmonie tussen die mens se interne en eksterne eienskappe. Trou is iets wat nie normaalweg van mense verwag kan word nie, omdat dit wesenlik 'n karaktertrek van God is...

Josua eis egter hier van die volk 'n houding wat buite die normale grense van menswees val. Josua verwag van die Israeliete dieselfde soort reaksie op God se handeling as wat God reeds aan sy volk betoon het, naamlik totale lojaliteit en toewyding. Die verbintenis aan gode van die verlede moet eindig. Afgodsaanbidding is 'n swakplek deur die hele geskiedenis van Israel. Dit gaan terug na die tyd anderkant die Eufraat en die tydperk in Egipte, die tyd toe ander gode gedien is...

Die volk word by hierdie keerpunt voor 'n keuse gestel:

- Die gode van die verlede;
- Die gode van die hede (omgewing), of;
- Die ware God wat sy beloftes nakom...

Dit is 'n keuse tussen God en gode. Dit is na my oordeel die keuse waarvoor COVID-19, wat die wêreld in die jaar 2020 tot stilstand gebring het, ook vir jou en vir my stel. Israel is gewoon voor die keuse gestel om die God van die geskiedenis te aanbid, of die dooie gode van die mense rondom hulle. En Josua stel die voorbeeld as leier as hy sê: wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.

Tog verbind ook die volk hulle tot die Here van hulle geskiedenis. Hulle en hulle voorvaders het immers persoonlik ervaar hoe die Here hulle gered, wonders gedoen en beskerm het. God

het voor hulle uitgegaan en die land aan hulle gegee. Die historiese basis van hulle geloof is seker.

Maar hoor Josua se antwoord op die volk se geloofsverbintenis. Een Skrifverklaarder noem Josua se antwoord van die mees skokkende uitsprake in die ganse Ou Testament. Josua verwerp hulle positiewe antwoord op sy uitdaging in 24:14-15. Hy betwyfel hulle vermoë in die lig van die geskiedenis. Sy verwerping hou klaarblyklik verband met hulle motivering. Hulle haal die geskiedenis aan. Hulle lys watter voordele die Here vir hulle gebring het.

Maar volgens Josua kan dit nie die motivering vir diens aan God wees nie. Josua wil hê dat hulle die Here moet kies bloot omdat Hy die Here is. Josua beskryf die wese van God as: “Hy is 'n heilige God” wat onverdeelde trou eis en julle opstandigheid en sonde nie sal vergewe nie. Sonde en dislojaliteit gaan teen God se wese in. Sy heiligheid en sonde is nie versoenbaar nie. Israel moet weet wat die Here van hulle vra. God vra/eis wat Hom toekom. As jaloerse God deel Hy nie sy plek in ons lewe met iemand anders nie. God het sy mense só lief dat Hy hulle onverdeelde liefde as reaksie verwag. God is nie bereid om sy aanbidders met enige ander godheid te deel nie.

Die volk verbind hulle dan wéér aan die Here. Josua sê hulle verbintenis sal teen hulle getuig as hulle dit sou verbreek. Israel aanvaar volle verantwoordelikheid vir hulle keuse. As teken van hulle verbintenis moet hulle nou die gode verwyder en hulle geheel en al aan die Here wy. 'n Sinkretistiese oplossing is onmoontlik.

Die basiese inhoud van die verbond is hier teenwoordig: God is hulle God, hulle Bevryder; hulle is sy volk en moet volgens sy voorskrifte lewe.

IV

Ons oordink Josua 24 teen die einde van Koninkrykstyd; Advent, die begin van die nuwe Kerkjaar lê om die draai. Die geloofsreis van die afgelope jaar is deur Covid ontwingting versteur. Die gebeure van Josua 24 is nie beperk tot die besitname van Kanaän deur die Israeliete nie. Die oproep van Josua geld vir elke historiese keerpunt, elke nuwe situasie roep God se kinders tot verantwoording.

Watter plek gee jy aan God in jou lewe?

Dit is altyd weer 'n oproep tot God se mense om hul geloofsidentiteit in hierdie besondere tydgewrig te ondersoek in die lig van wat Josua hier aan die Israeliete voorhou as die ware identiteit van God se kinders/volk/gelowiges. Ons identiteit skarnier op twee dinge –

- Eerstens ontvang ons ons identiteit uit genade. God handel voordat ons handel God kies self in sy vryheid om ons te red.
- Tweedens hou ons identiteit verband met die reaksie op hierdie genade.

Josua is in hierdie verband 'n goeie leier wat bereid is om saam met sy gesin, voorbeelde te wees van hierdie toewyding.

Hoe kan ons vandag ons identiteit as volk van God binne ons konteks uitleef?

- Die Christen se lewe is 'n lewe van daaglikse bekering (Mark 1:15).
- Die heiliging in die lewe van Christenmense is die werk van God.

Daar het geleenthede van verbondsvernuwings in die Ou Testament bestaan. Die verbondsvernuwing vind plaas slegs omdat God genadig en barmhartig is (Eksodus 34:6, 7). Telkens gaan die verbondsvernuwing om die viering van die verlossing wat God in die geskiedenis en die hede gebring het (Jos 24; Nehemia 9; 10). Daarom word die tradisie van die uittog uit Egipte by feitlik elke verbondsluiting herhaal...

- Hertoewyding in die Bybel is 'n antwoord op die verbondsgenade van God. God se verbondsgenade, soos die doop en nagmaal dit aan ons beseël, laat die mens nie vaar nie, maar oorwin die mens, sodat hy/sy in antwoord op God se genade hom-/haarself aan God toewy. Dis 'n voortdurende proses wat die Heilige Gees in die mens werk. Dit is die viering van die verlossing deur God...

V

Die Israeliete het hulle bestemming bereik! Hulle pad van swerftog het aan 'n einde gekom. Die landsbelofte is vervul. Die nageslag is gewaarborg. Die land is in besit geneem, die vyande verslaan. Nie een van al die goeie beloftes wat die Here aan Israel gemaak het, het onvervuld gebly nie. Almal is nagekom. Almal het uitgekom (21:45; 23:14).

Dit is egter nie net 'n bestemming wat bereik is nie. Dit is 'n uitnodiging om die voetspore van God in hulle geskiedenis te sien. Dit is om hulle bewus te maak dat hulle 'n lewende, kragtige en wonderlike God aanbid. God het gedoen wat Hy belowe het. Die volk het, ten spyte van Josua se twyfel oor hulle verbintenis tog besluit om die Here te dien (24:15-24).

Vir Josua is dit duidelik dat die vrede van God, die werklike bestemming, slegs bereik word, as ons 'n keuse maak om die pad met God te stap. Hy en sy huis het hierdie pad gekies. Nou besluit die volk ook om dit te doen. Dit doen hulle 'n paar maal: "Ons sal die Here ons God dien en aan Hom gehoorsaam wees!" Wat 'n verbintenis! Wat 'n toewyding! Hoe passievol is hulle nie!

'n Mens loop jou bestemming mis as jy nie bereid is om God se beloftes ernstig te neem, deur 'n lewe te lei wat daarby pas nie. Volgens Josua 24:31 het Israel die Here bly dien, tydens die lewe van Josua en tydens die lewe van die leiers wat vir Josua oorleef het. En hulle het alles ervaar het wat die Here vir Israel gedoen het. Maar volgens die Rigterboek het die verbintenis aan die Here nie gehou nie (Rig 2:18, 19; 21:24-25).

In sy boek, *The spirit of the disciplines* is Dallas Willard krities oor wat Westerse kerke vandag vir hul lidmate leer. Volgens hom kan die meeste probleme van hedendaagse kerke verklaar word uit die feit dat lidmate nog nie 'n keuse gemaak het om Jesus te volg nie. Dit word as 'n opsionele saak gesien. Josua het sy mense behoorlik laat besef hulle moet twee maal dink wanneer hulle sê ons dien die Here. Josua 24 daag ons uit om weer oor ons verbintenis aan God aandag te gee...

As ons ons verwonder oor God se genade in Christus sal ons sy genade eer deur Hom lief te hê, te dien en na sy stem te luister. Daarom is hertoewyding vandag nodig!

Het die Covid-pandemie jou spreekwoordelik by Sigem gebring vir 'n beslissing oor God in jou lewe, en nuwe toewyding aan God?

Kies dan vandag wie julle wil dien...

Amen

(Ek het vrylik gebruik gemaak van Annes Nel se preekstudie in die Woord en Fees publikasie vir Advent 2019 tot Koninkrykstyl 2020).

